0066/96

EUGENE ALEXANDER DE KOCK

AANSOEK OM AMNESTIE

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

VOLUME 3

**Solomon Nicolson Rein & Verster**

**Attorneys Notaries and Conveyancers**
**Prokureurs Notarisse & Aktebesorgers**

7th Floor NBS Building
259 Pretorius Street Pretoria 0002
PO Box 161 or 645 or 1563 Pretoria 0001
Telephone (012) 325 2461
Fax (012) 328 3137 or (012) 21 7940
or (012) 323 6492 *Conveyancing*
Docex 11 Pretoria

7de Vloer NBS Gebou
Pretoriusstraat 259 Pretoria 0002
Posbus 161 of 645 of 1563 Pretoria 0001
Telefoon (012) 325 2461
Faks (012) 328 3137 of (012) 21 7940
of (012) 323 6492 *Aktebesorging*
Docex 11 Pretoria

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

**INSIDENT 22 :**

**SKIETVOORVAL TE AMSTERDAM :** (4 ANC LEDE OM DIE LEWE GEBRING)

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

MOORD, SAMESWERING, REGSVERYDELING, BEGUNSTIGING, OORTREDINGS IN GEVOLGE DIE WET OP WAPENS EN AMMUNISIE
ALLE MINDERE MISDRYWE ONDER BOGENOEMDE
ALLE ANDER MISDRYWE WAT BLYK UIT DIE FEITE

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(ii) DATUM :

(iii) PLEK :

PIET RETIEF / AMSTERDAM

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Ek kan my nie presies herinner wanneer hierdie voorval plaasgevind het nie. Piet Retief Veiligheidstak het egter daarin geslaag om die bestuurder van 'n voertuig te werf wat by by 'n vorige geleentheid MK lede vervoer het wat landmyne in die Oos Transvaalse gebied geplant het.

As gevolg van die landmyne wat geplant is het ;n bejaarde trekkerbestuurder sy sig verloor toe hy 'n landmyn gedetoneer het en in 'n ander geval het 'n matriekseun sy een been verloor. Daar is vasgestel dat dit dieselfde twee ANC terroriste was wat voorheen die landmyne geplant het, wat beoog het om verdere aanvalle te loods in die Oos Transvaal ondermeer op plaashuise sowel as 'n blanke laerskool. (Hierdie inligting was bekom vanaf A O Freek Pienaar en sy bron).

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die voorbereiding vir hierdie operasie het plaasgevind te Piet Retief en was die algemene konsensus onder die beplanners dat ons nie kon toelaat dat hierdie toestand voortduur nie en het ons reeds by voorbaat besluit dat ons almal in die voertuig sal dood skiet insluitende die bestuurder wat die vervoer werk sou gedoen het. Ek kan net vermeld dat die bestuurder die vervoer werk vir geld gedoen het en was ons bekommerd dat hy ons op enige stadium kon uitverkoop.

Ek het ook verder voorgestel dat ons nie net die voertuig met die MK lede aanval nie maat dat ons ook moet voortgaan om die groep wat hulle tot by die grens sou bring, en hulle sou help om hulle toerusting oor die grens te dra, om die lewe moes

bring.

'n Groep van my eenhede se lede was by die grens in posisie geplaas om die ander MK lede wat hulp verleen het aan die infiltrasie groep te onderskep. Die hele groep het wapens by hulle gehad wat met knaldempers toegerus was.

Die groep wat op die werklike infiltreerders sou wag, is langs die pad versteek. Daar was ook vooraf met die sogenaamde bron gereël dat hy reg oor die bepaalde plek van die pad sou aftrek en aan die infiltreerders te kenne sou gee dat hy net eers wou urineer. Ons was uit die aard van die saak nie bereid om enige kanse te neem dat van ons beseer of gedood sou word nie, en het ons onmiddellik toe die bakkie tot stilstand gekom het, begin vuur. Die persone links voor en in die middel is opslag dood, en die bestuurder het daarin geslaag om uit die voertuig te kom en is toe ook doodgeskiet.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ons het by een van die twee insittendes 'n pistool gekry tussen sy bene. Op die bakkie se bak het ons ook 'n sak met drie of vier AK 47 gewere gekry asook 'n hoeveelheid handgranate en springstof. Ons het daarna 'n polisie-voertuig op die toneel getrek met 'n blou wentellig om die skyn te skep van 'n tydelike pad-blokkade.

Een van die gevonde AK 47 gewere op die bakkie was by die bestuurder wat op die pad gelê het geplaas. Intussen het die groep by die grens die twee

hulpverleners wat op pad terug was na die grens verras en is een doodgeskiet en is daar ook beslag gelê op 'n handmasjien-karabyn (VZ25) -'n ander draer het daarin geslaag om te ontsnap, maar het verdwaal en is die volgende gearresteer deur boswerkers. Die bestuurder van die voertuig aan die anderkant van die grens was ene Knox Dhlamini en het hy ook daarin geslaag om te ontsnap.

Ek het later verneem dat Knox Dhlamini aan vergiftiging dood is omdat hy klaarblyklik betrokke was by die dood van 'n polisie-bron wat in die Mosambiqean Restaurant doodgeskiet is deur 'n ANC sluipmoord-span.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

MOORD

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE**

NAASBESTAANDES :

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

GEEN

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL** Finansieel **OF ANDERSINS?**

NEE

10.d INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:

N V T

11.a IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

JA

11.b INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :

*SAL LATER VERSKAF WORD

12. INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

NVT

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**INSIDENT 23 :**

**MAPONYA :** (JAPIE)

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

A. MENSEROOF
B. AANRANDING MET DIE DOEL OM ERNSTIG TE BESEER
C. SAMESWERING OM MOORD TE PLEEG

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(ii) DATUM :

1985

(iii) PLEK :

KRUGERSDORP, VLAKPLAAS EN SWAZILAND

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Ons was besig met 'n ontplooiing in 1985 (seksie C1) en was 'n groep ondermeer ontplooi in Josini, Natal. Hierdie groep het onder bevel gestaan van A O Nortje.

Ekself het na Mafikeng vertrek vir besoek aan 'n ander groep wat ook daar werksaam was.

Op 'n dag het ek 'n oproep van A O Nortje ontvang en het hy my meegedeel dat hy nie meer te Josini was nie, maar dat hy hom te Krugersdorp bevind het. Toe ek hom vra wat hulle daar soek, het hy gesê dat hy vanaf Hoofkantoor opdrag ontvang het om na Krugersdorp te gaan vir 'n operasie. A O Nortje het my meegedeel dat hy wil hê dat ek na Krugersdorp moet kom want die Krugersdorp se Veiligheidstak wou 'n operasie loods en hy wou hê dat ek ook teenwoordig moes wees. Ek het aan A O Nortje te kenne gegee dat ek hom die volgende dag sou sien.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die volgende dag het ek en Sersant Eugene Fourie direk na Krugersdorp gery waar ons vir A O Nortje, Kaptein Kleynhans en Luitenant Dunkley ontmoet het - ek was daarna ook aan Kol Johan Le Roux voorgestel. Tydens 'n bespreking met Kol Le Roux en die ander bogemelde lede, het dit duidelik geword dat die Krugersdorp se Veiligheidstak wou hê dat ons 'n man bekend as Japie Maponya moes "steel" - m a w ontvoer.

Kol Le Roux was teenwoordig tydens die bovermelde samesprekinge en op 'n latere geleentheid die dag, het ek en A O Nortje na Kol Le Roux se kantoor gegaan

en het ek aan hom gemeld dat ons wel die man kan ontvoer, maar wou ek by hom verneem wat Kol Le Roux wou hê ons met die man moes doen. Kol Le Roux het gesê dat hy die man nooit weer in Krugersdorp wou sien nie - die algemene trant van hierdie hele gesprek was dat Kol Le Roux hierdie man gedood wou hê as gevolg van sy betrokkenheid by sy broer se ANC aktiwiteite.

Japie Maponya was volgens Kaptein Kleynhans in verbinding net sy broer M K Mainstay (M K Mainstay het homself opgeblaas met 'n kleefmyn by Sterland in Arcadia, Pretoria toe hy in die proses was om 'n bom te plant). Ek was ingeroep vanaf Mafikeng nadat alle pogings om Maponya uit te lok deur middel van die Askari's om sy vertroue te wen misluk het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Daar is gereël vir Maponya se ontvoering en is hy vanaf Krugersdorp na Vlakplaas geneem en was hy by die rivier te Vlakplaas ondervra. Hy is by verskeie geleenthede deur myself en ander lede aangerand en daar is ook op 'n stadium traangas in die bussie ingespuit terwyl Japie Maponya binne was - geen antwoorde kon egter uit Maponya verkry word nie en hy het in teendeel nooit 'n woord geuiter nie.

In hierdie verband wens ek daarop te wys dat daar beweer is dat ek traangas in sy mond ingespuit het - maar is dit nie korrek nie.

Kaptein Kleynhans en Luitenant Dunkley was teenwoordig tydens die ondervraging en het aktief deel geneem en het die twee persone presies geweet welke inligting

hulle van Maponya wou hê. Nadat die ondervraging voltooi was is Maponya na die huis op Vlakplaas geneem waar hy die nag deur gebring het. Ek het toe gesien dat hy 'n matras en 'n kombers kry.

Die volgende dag om ongeveer 11h00 het ek weer na die Krugersdorp se Veiligheidstak geskakel vanaf Hoofkantoor. Ek het met Kaptein Jan Kleynhans gepraat en hom gevra om by Kolonel Le Roux vas te stel wat sy houding is omtrent Japie Maponya - en of sy houding nog was dat daar van hom ontslae geraak moes word. Kaptein Kleynhans het vir my gesê dat ek hom 10 minute later weer moes skakel terwyl hy die aangeleentheid met Kol Le Roux sou gaan bespreek. Ek het hom 10 minute daarna geskakel en Kaptein Kleynhans het gesê dat Kol Le Roux se houding en opdrag was dat Japie Maponya moes "verdwyn". Kaptein Kleynhans het nog tydens hierdie gesprek vermeld dat hy en Luitenant Dunkley nog die nag sal saam gaan wanneer die operasie van stapel gestuur sou word.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek kon nie die oggend vir Brigadier Schoon in die hande kry om ook uitklaring by hom te verkry nie, maar ek het wel vir Kaptein Martin Naude van Seksie C2 in die hande gekry en hom gevra wie my groep van Josini na Krugersdorp verskuif het. Kaptein Naude het aan my 'n teleks gewys waarin Kol Le Roux van Krugersdorp vra vir 'n groep lede en Askari's van Seksie C1 met die oog op die opsporing van M K Mainstay en vir Koeverte optredes. Kaptein Naude het toe aan my gesê dat hy na 'n konsultasie met Brigadier Schoon besluit het om A O Nortje te verskuif na Krugersdorp. Kaptein Naude se verskoning was dat hy my nie kon opspoor nie aangesien hy nie geweet het waar ek was nie, hoewel ek baie maklik opspoorbaar

was deur bloot net na die ontplooiings register te gaan kyk en sou hulle kon vasstel dat ek op daardie stadium in Mafikeng was. Hierdie teleks waarna ek verwys het, vanaf Krugersdorp na Hoofkantoor, was nog tydens die Harms-kommissie op Vlakplaas verbrand saam met 'n groot hoeveelheid ander inkriminerende dokumente. Kaptein Baker en Luitenant Bellingham was by en ons het die teleks nog aan Generaal Engelbrecht gewys waarna dit toe verbrand is.

Dieselfde nag het ek, Eugene Fourie, Willie Nortje en Dawid van der Walt deur gery na Piet Retief met die Land Cruiser SW voertuig wat ek op daardie stadium gery het. Ek het 'n pik, graaf en 'n vurk by Adjudant Offisier Freek Pienaar van Piet Retief gekry en het ek dit by sy huis gaan afhaal. Dit sou uit die aard van die saak aandag getrek het op Vlakplaas indien ons die pik, graaf en vurk op Vlakplaas in die voertuig sou laai. A O Pienaar het nie geweet waaroor dit gaan nie. Ek het hom net gevra of daar enige S A Weermag troepe ontplooi was in die Nerston-grenspos omgewing, waarop hy nee geantwoord het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

By die Nerston-grenspos het ons regs gedraai by die Polisie-huise verby en het ons vir ongeveer 2 of 3 km teen die grens afbeweeg. Daarna het ek en Willie Nortje met die geboeide Maponya deur die Swazi-grensdraad geklim. Ons is gevolg deur Eugene Fourie en Dawid van der Walt maar beide van hulle het na 'n entjie agtergebly. Die rede hoekom, was dat ons nie wou hê dat enige ander persoon in die skietery beseer moes word nie. Daar was ook 'n flou maan maar kwaai onweer was aan die opbou. Ek en A O Nortje het ongeveer 80/100 meter in die bos ingeloop en het A O Nortje toe 'n Uzi masjienpistool met 'n knaldemper by hom

gehad.

Ek het die volgende oomblik 'n geluid gehoor soos 'n gedempte skoot uit die Uzi uit en Maponya het op die grond geval. Ek het gedink dat Nortje hom geskiet het maar Nortje het gesê dat hy hom met die Uzi bewusteloos geslaan het. Toe Nortje vir Maponya wou skiet wou die Uzi se werkende dele nie na vore beweeg nie - ten spyte van die feit dat die rompdeksel af was. Ek is daarna na die voertuig toe om te kyk of ek die Uzi kon herstel, maar dit het geblyk dat die sy-romp van die geweer beskadig was en dat die geweer glad nie sou werk nie.

Ek het daarna terugbeweeg na Nortje toe en het hom toe 'n sub-soniese 9mm rondte gegee wat ons in sy 9mm pistool gelaai het. Op daardie stadium het Maponya opgekom en probeer ontvlug en kan ek onthou dat sy hande nog agter sy rug geboei was. Ek het hom gevang en A O Nortje het hom deur die slape geskiet. Ek dink hy is deur die linker-slaap geskiet. Maponya het geval en hy was opslag dood. Daar was hoegenaamd geen rukbewegings of sparteling gewees nie. Ons het die boeie afgehaal en sy klere uitgetrek om te verhoed dat hy enigsins geidentifiseer kon word. Toe ons 'n graf wou grawe het ek gevind dat die ondergrondse wortelsisteem so vervleg en dig was dat ons nie daarin kon slaag om 'n graf te grawe nie.

Eugene Fourie en Dawid van der walt het kom help en het ons toe blare en takke en gras bymekaar gehark om die liggaam daarmee te bedek. Op daardie stadium het dit begin reën en ons het na die voertuig teruggekeer. Ek kan onthou dat van

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

der Walt nog gehardloop het en in die proses in die grensdraad vasgehardloop het.

Ek wil dit duidelik stel dat Fourie nie teenwoordig was toe Nortje en ek Maponya gedood het nie en ek ontken ten sterkste dat ek Maponya se kop met 'n graaf gekap of oopgekap het voordat hy dood is.

Nadat ons die lyk behoorlik bedek het , het ons terugbeweeg A O Pienaar se huis te Piet Retief waar ek sy pik, graaf en vurk teruggegee het en het hy op sy beurt aan ons 8 biere gegee wat ons op pad terug na Pretoria gedrink het. Ek het die toneel nooit weer besoek nie en het ook nooit weer navraag daaroor gedoen nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Tydens die geregtelike doodsondersoek sowel as die Harms-kommissie verrigtinge het ek meinedig opgetree in die opsig dat ek al hierdie besonderhede verberg en verswyg het en ook ontken het dat ek hoegenaamd betrokke was by die dood van Japie Maponya.

Met die ontbloting van Seksie C1 se aktiwiteite in die Vrye Weekblad op 'n Vrydag, het ek en Brigadier Schoon in sy kantoor gesit en die koerant berig bespreek. Brigadier Johan Le Roux wat toe die hoof was van Veiligheidspolisie se Inspektoraat het ook ,in die kantoor kom sit en het ons beide sterkte toegewens met die beproewing wat kom. Ek het hom toe meegedeel dat een van die bewerings waarna daar verwys is, sy operasie was, naamlik die Maponya geval. Brigadier Le Roux het daarop doodsbleek geword en toe die kantoor vinnig verlaat.

Tydens die geregtelike doodsondersoek in die Hof in Pretoria, het Brigadier Le Roux vir my en A O Nortje by die Hof kom besoek en gevra dat ons moet sterk wees en wou by ons weet of ons die saak deur die Hof sou kon trek.

Hierdie Maponya voorval staan direk in verband met die stryd van die verlede en is hierdie operasie geloods in opdrag van Krugersdorp se Veiligheidstak wat wou toesien dat Maponya om die lewe gebring moes word as gevolg van sy betrokkenheid by sy MK lid broer.

Na die plaasvind van hierdie voorval het ek dit ook met Brigadier Schoon bespreek en is die aangeleentheid kortliks aan hom verduidelik.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

MOORD

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

JAPIE MAPONYA

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

SEKURITEITSBEAMPTE TE UNITED, KRUGERSDORP

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES :**

DANIEL MAPONYA VAN P/A PLASCON VERWE, LUIPAARDSVLEI, KRUGERSDORP

(iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

GEEN

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL** Finansieel **OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

GENERAAL JOHAN LE ROUX, KLEYNHANS, MARTIN NAUDE

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

(b) SAAKNOMMER/S :

CC266/94

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(c) OP WELKE AANKLAGTES :

A. ROOF ;

B. AANRANDING MET DIE OPSET OM ERNSTIG TE BESEER;

C. SAMESWERING OM MOORD TE PLEEG

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

REEDS GEVONNIS

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS

(INDIEN ENIGE) :

A. MENSEROOF ;

B. AANRANDING MET DIE OPSET OM ERNSTIG TE BESEER;

C. SAMESWERING OM MOORD TE PLEEG

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

30 OKTOBER 1996

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING)

A. MENSEROOF - TWEE JAAR GEVANGENISSTRAF

B. AANRANDING MET DIE OPSET OM ERNSTIG TE BESEER - VIER JAAR GEVANGENESTRAF

C. SAMESWERING OM MOORD TE PLEEG - LEWENSLANGE GEVANGENISSTRAF

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

94616105

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE**

**VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

**INSIDENT 24 :**

**NELSPRUIT VOORVAL :( VYF PERSONE OM DIE LEWE GEBRING)**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE

MOORD, SAMESWERING, SAAK BESKADIGING, BEGUNSTIGING, REGSVERYDELING, OORTREDINGS IN GEVOLGE DIE WET OP WAPENS EN AMMUNISIE

ALLE MINDERE MISDRYWE ONDER BOGENOEMDE

ALLE ANDER MISDRYWE WAT BLYK UIT DIE FEITE

(ii) DATUM :

FEBRUARIE/MAART 1992

(iii) PLEK :

NELSPRUIT

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Gedurende 1992 het Sersant Douglas Holtzhausen van my eenheid my genader en aan my berig dat 'n bron van hom, ene Mnr Ben van Zyl, hom ingelig het dat 'n opgeleide lid van die ANC en ook die persoonlike voertuigbestuurder van Mev Winnie Mandela in die proses was om wapens te smokkel.

Hierdie ANC lid by name Tiso sou saam met ander MK lede 'n gewapende roof pleeg of in Pretoria of in Nelspruit. Tiso se moeder het in die Nelspruit omgewing gebly en het dit die vermoede laat ontstaan dat hierdie voorval dalk in Nelspruit sou plaasvind.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Sersant Holtzhausen het reeds by 'n vorige geleentheid 'n gewapende roof by die Carousel Casino voorkom deur van dieselfde bron gebruik te maak. Ek het nie veel verdere aandag aan hierdie aangeleentheid gegee nie en het Sersant Holtzhausen opdrag gegee om voort te gaan met sy beplanning, maar dat hy die Pretoria Moord en Roof Eenheid op hoogte van sake moes hou en hulle ingelig moet hou van die verloop van gebeure.

Op daardie stadium was ek besig met die voorbereidingsaksie vir 'n moontlike aanval wat in die vooruitsig gestel was in die Transkei op sekere PAC huise wat in die Sterkspruit omgewing geleë was.

Hierdie PAC huise is gebruik as basisse waarvan gewapende lede van APLA

aanvalle op blankes geloods het binne en buite die Transkei.

Met die voorbereidingsaksie vir die aanval in Transkei, het ek reeds een voertuig bekom naamlik 'n blou BMW sedan , wat gesteel was, en was ek van plan om nog 2 of 3 voertuie op hierdie wyse in die hande te kry. Twee van hierdie voertuie sou mini bussies wees wat ek van plan was om tot teen die dak te laai met springstof ten einde die PAC huise heeltemal weg te blaas. Een van die voertuie wat in hierdie operasie gebruik sou word was 'n vriend van my se voertuig, Mnr Araujo wat in Springs woonagtig was.

Wat betref die voertuig van Mnr Araujo, het ek doodseker gemaak dat die voertuig inderdaad verseker was soos in die geval die die BMW sedan voertuig. Hierdie operasie op die PAC in die Transkei was veronderstel om geloods te word in Desember 1992 en is van tyd tot tyd oorweeg selfs tot en met my ontslag uit die Polisiemag in 1993.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Operasie Vula het dit duidelik gemaak dat die ANC nog altyd revolusionêre aspirasies gehad het en dat hulle ten spyte van die onderhandelinge wat aangeknoop is , steeds besig was met operasionele optredes en dat hulle nog nie die gewapende stryd opgesê het nie. Op 'n vraag van my aan Gen Engelbrecht het hy by verskeie geleenthede gemeld dat C1 nie ontbind kan word nie omdat die eenheid op 'n gereedheidsgrondslag gehou moes word ingeval die samesprekinge tussen die regering, die ANC en die PAC sou misluk.

Gedurende my eie voorbereidings het Sersant Holtzhausen aan my 'n lys voorgelê met name waarby ek ander name gevoeg het en sommige name deurgehaal het. Wat my aan betref was ons nie besig met klantestine-operasies nie en was hierdie 'n beplande roof deur Tiso en sy makkers en dit was ook duidelik gestel aan my deur Sersant Holtzhausen dat Tiso en sy makkers die roof sou pleeg met die oog op die aanvulling van die ANC se geldkoffers.

Holtzhausen het my naam ingedeel saam met A O Nortje wat veronderstel was om nie op die skiettoneel aanwesig te wees nie. Ons sou bloot as 'n voorstaan of observasie diens optree. Sersant Holtzhausen het my gevra of ek vir hom 'n voertuig kon leen waarmee hy Tiso en sy makkers hul AK 47 gewere sou kon gaan haal in Komatipoort.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Sersant Holtzhausen het gevra vir die bussie wat ek so pas bekom het deur dit van Mnr Araujo te steel. Mnr Holtzhausen wou nie die Cressida voertuig gebruik in die Komatipoort omgewing nie aangesien die Cressida vantevore daar gebruik was vir wapenlokvalle.

Die veronderstelling was dat hierdie bussie slegs gebruik sou word om wapens te gaan haal en nie vir die roof self nie. Die Cressida voertuig sou vir die roof gebruik word. Met my aankoms by die Drumrock Hotel te Nelspruit die aand voor die voorval, was ek en ene Chappies Klopper baie laat gewees. Ek kan my nog herinner dat ons moes jaag om agter die laaste voertuig te bly en het ek self nie eers geweet waar die toneel van die lokval sou wees nie.

Toe ons op die toneel aankom by die Kwanyamzane afdraaipad het ek bemerk dat A O Nortje nie daar was nie en het ek toe op die toneel agtergebly. In retrospeksie is dit duidelik dat ek nie veronderstel was om hoegenaamd op die toneel te wees nie en is ek op die toneel deur Holtzhausen ingelig dat die bussie in die roof gebruik gaan word en was dit uit die aard van die saak te laat om ander reëlings te tref.

Op die toneel self is ek ook nie in enige posisie ingedeel nie en het ek geen insette gelewer nie. Ek het nie geweet van die feit dat die bussie aan die brand gesteek gaan word nie en nog minder van die handgranate wat in die bussie geplaas sou word. Ek het nie AK 47 gewere of ammunisie laat haal vir Sersant Holtzhausen of A O Nortje nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek wens verder daarop te wys dat ek wel by geleenthede AK 47 gewere en ammunisie aan my lede verskaf het en kan dit wees dat A O Nortje en Holtzhausen reeds vir 'n geruime tyd in besit was van hierdie wapens. Die veronderstelling was dat hulle die wapens deurentyd tot hulle beskikking moes hê sou dit nodig wees om op kort kennisgewing 'n Koeverte-operasie te loods.

Ek het ook kennis gedra van die feit dat beide A O Nortje en Sersant Holtzhausen nie alle wapens wat hulle by 'n vorige geleentheid te Komatipoort gevind het ingehandig het nie.

Op die toneel het ek eenkant bo teen die teerpad gaan staan aangesien ek geen posisie gehad het nie en ek nie spesifiek ingedeel is nie. Met die aankoms van die

Kombi het Holtzhausen begin vuur en het al die lede begin skiet. Die voertuig het nie onmiddellik tot stilstand gekom nie en het inteendeel spoed vermeerder.

Ek het nadat die voertuig spoed begin vermeerder het teen die wal afgehardloop tot onder op die gelyk grond en het ek toe ook op die voertuig begin vuur. Ek het 48 rondtes vol outomatiese afgevuur en my leë magasyn omgeruil. Ek het na semi-outomaties gegaan en ongeveer 7 of 8 skote gevuur, die bussie het toe begin spoed verloor en het tot stilstand gekom. Ek het na my regterkant gekyk en gemerk dat daar wanorde geheers het. Alle lede het gevuur en daar was geen vuurleiding of dissipline nie. Ek het onmiddellik na die lede toe beweeg almal in 'n ry getrek en toe die lede met Geldenhuys in beheer in 'n linie al skietende op die bussie af beweeg. Ek het daarna omgedraai en terugbeweeg na die brug toe. Ek het nie gesien toe die wapens en handgranate in die bussie geplaas was nie en het omgeswaai toe die bussie aan die brand geslaan het met 'n slag.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Toe die bussie aan die brand geslaan het het ek vir die eerste maal besef dat alles nie pluis was nie en het ek weer bo teen die wal gaan staan. A O Nortje het sy motor langs die pad ingetrek en het hom by my aangesluit. Kort hierna het A O Nortje met Sersant Holtzhausen gaan praat en nie lank daarna nie het beide van hulle die toneel verlaat in die rigting van Nelspruit. Hulle was nie lank weg nie toe A O Nortje na my gekom het en gesê het dat hulle vir Tiso gevang het en dat hy nie in die bussie was nie. Nortje het aan my te kenne gegee dat Tiso doodgemaak sou moes word. Toe ek weier het hy gesê dat hulle almal in die moeilikheid gaan beland indien Tiso nie doodgemaak sou word.

Ek het toe aan Nortje gevra of hulle nie vir Tiso kon aanhou of na Swaziland kan stuur nie. A O Nortje het daarop geantwoord dat dit nie gedoen kan word nie - waarop ek toe vir Nortje gesê het dat indien hulle vir Tiso om die lewe wil bring - hulle dit dan self moet reël.. Ek het by wyse van implikasie wel vir A O Nortje toestemming gegee om vir Tiso te dood en in hierdie verband het ek wel versuim om Tiso te beskerm soos wat van my verwag sou word. Ek neem verantwoordelikheid vir my aandeel in Tiso se dood.

Tiso was egter 'n opgeleide lid van die ANC en volgens die inligting wat ek van Holtzhausen gehad het, geld wou in en bekom deur rowe te pleeg die ANC. Ek aanvaar dat ek moontlik deur Holtzhausen mislei was, maar wens daarop te wys dat ek deurentyd gedurende my loopbaan in die S A P mag genadeloos opgetree het teenoor lede van die ANC en geaffilieërde organisasies. Daar is by my geen twyfel dat ek hoegenaamd nie aan die operasie sou deelgeneem het en of goedkeuring daaraan verleen het, indien ek bewus was van die feit dat die persone nie lede van die ANC was nie en ook nie opgeleide vryheidsvegters nie. Ek was te alle tye oortuig dat hulle militêr opgelei was en kon ek of enige ander persoon hoegenaamd nie die risiko neem om hulle die voordeel van 'n vuurgeveg te gee nie. Indien hierdie 'n gewone roof was sou ons dit heeltemal anders hanteer het en sou die aangeleentheid totaliteit aan die Moord en Roof Eenheid oorgelaat gewees het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het die volgende oggend vroeg toe Kolonel Alberts van die Nelspruit se speurtak opgedaag het, nie presies geweet wat om vir hom te sê nie. Ek was nie deur Holtzhausen of Chris Geldenhuys ingelig van hulle beplanning nie en om daardie

rede het ek vir Kolonel Alberts direk na Geldenhuys verwys.

Generaal Engelbrecht het ook mettertyd op die toneel aangekom en het ek hom ook ingelig dat daar "groot fout" was met hierdie skietery. Hierdie skietery het presies dieselfde patroon gevolg as die Carousel skietery waarby Holtzhausen en Ben van Zyl ook betrokke was.

Gedurende my verhoor in die Hooggeregshof het dit geblyk dat die sogenaamde gewapende rowers blatant deur Holtzhausen en Geldenhuys vermoor in 'n operasie en is daar hoegenaamd nog geen stappe geneem om enige persone te vervolg wat deelgeneem aan die Carousel operasie nie.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

5 PERSONE IS OM DIE LEWE GEBRING

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

KHONA GABELA ; (LAWRENCE JACE; NYALENDE) LUNYCK MASILO MAMA; (OSCAR NXOLISI; NSHAOTA) DIISETSO LUBALLO

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES :**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

GEEN

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL Finansieel OF ANDERSINS?

NEE

10.d INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:

N V T

11.a IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?

JA

11.b INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

*****BESPREEK MET EUGENE**************

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

(b) SAAKNOMMER/S :

CC266/94

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(c) OP WELKE AANKLAGTE/S :

MOORD :

1. K KHABELA
2. L NYALENDI
3. G MAMA
4. O NTSHAOTA
5. T LEBALLO

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

REEDS GEVONNIS

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

MOORD :

1. K KHABELA
2. L NYALENDI
3. G MAMA
4. O NTSHAOTA
5. T LEBALLO

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

OKTOBER 1996

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING)

MOORD :

1. K KHABELA - TWINTIG JAAR GEVANGENISSTRAF
2. L NYALENDI - TWINTIG JAAR GEVANGENISSTRAF
3. G MAMA - TWINTIG JAAR GEVANGENISSTRAF
4. O NTSHAOTA - TWINTIG JAAR GEVANGENISSTRAF
5. T LEBALLO - LEWENSLANK

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

94616105

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

JA

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

1. EISER : SANDRA MAMA

   ADRES :55 BROWN ROAD, NEWLANDS, JOHANNESBURG

   EERSTE VERWEERDER : E A DE KOCK

   P/A : PRETORIA SENTRALE GEVANGENIS

   TWEEDE VERWEERDER : MINISTER VAN WET EN ORDE

   P/A : STAATSPROKUREUR

   VERWYSINGSNOMMER :

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER : 5669/96

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**INSIDENT 25 :**

**VALS EIS : BOUMATERIAAL (KOEVOET) :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

BEDROG

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(ii) DATUM :

LAAT SEWENTIGER JARE

(iii) PLEK :

SUID WES AFRIKA / NAMIBIë

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Gedurende my dienstydperk in Owamboland het ek vir die eerste keer te doen gekry met vals eise. Kaptein Eric Winter het my versoek om 'n eis uit te skryf vir

hamer, spykers en ander bou materiaal. Ek moes die eise aan bronne uitmaak vir die aankoop van hierdie boumateriaal.

